

15 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 38  
Fokusgedeelte: Psalm 38:16

## Twyfel nooit aan die Here, jou God!

As 'n mens die eerste gedeelte van Psalm 38 lees, besef jy dat hierdie digter in die uiterste ellende verkeer – liggaamlik en geestelik op die randjie van die dood en dit tot leedvermaak van sy vyande. Selfs sy familie en vriende kan dit nie naby hom uithou nie. Sy toestand is selfs slegter as dit wat ons van Job lees, want Job se vriende het hom darem nog kom troos. By alles besef hy dat hyself die oorsaak van sy ellende is – sy verskriklike sonde – hy verdien niks anders nie.

Maar daar is groot troos wat ons uit hierdie Psalm kan put. Hy begin wel met die bede dat God sy sonde tog moet vergewe. Maar dan bly hy in sy gebed nie 'n sondaar op moedverloor se vlakke nie. Opvallend spreek hy God aan as “Here, my God”.

Die gebed in Psalm 38 is in lyn met ons belydenis in Sondag 1 van ons Kategismus. Ek behoort aan Jesus Christus (vr 1) en ek ken my ellende (vr 2). My God is my Vader en daarom weet ek dat my pyn, my ellende en my bekommernis Hom aangaan. Hy weet nie net daarvan nie, maar dit wat my wil vernietig, is ook sy vyande. Daarom kan ek in vertroue bid, want Hy sal antwoord.

Ons Verbondsgod wil hê dat ons ons nood moet ken en moet weet dat ons met al ons nood na Hom toe kan gaan.

Aan jouself (jou eie krag en vermoëns) en mense naby jou kan (en moet) jy soms twyfel, maar aan die Here, jou God – nooit! “Ek vertrou op U, Here, U sal antwoord, Here, my God” (vs 16).

Sing: Psalm 38:13, 14 (2001)

Ds GJ Ligthelm (Emeritus)